# WIKIPEDIA-skryfwedstryd

Hou jy daarvan om feitelike artikels te skryf (en ook nog bietjie geld te wen terselfdertyd)? Kom skryf dan in vir die Afrikaanse Wikipedia se skryfwedstryd! Van Abel Tasman tot Zoroaster en alles tussenin: ons is op soek na nuwe artikels om die Afrikaanse Internet te verryk.

Wikipedia is 'n veeltalige, kopielinkse ensiklopedie wat ontwerp is om deur enige persoon gelees of gewysig te kan word. Dit berus op die bydraes en samewerking van vrywilligers vir inhoud en onderhoud.

Daar is tans meer as 13 000 Afrikaanse artikels, maar sommige is bitter kort en daar ontbreek nog baie onderwerpe. Daarom het ons onlangs ons eerste skryfwedstryd geloods, waarna in totaal R1000 prysgeld toegeken sal word. Afrikaanse skrywers en skryfsters van enige ouderdom is welkom om hul kennis met die wêreld te deel en kans te maak op een van die geldpryse.

Hoe werk dit?

1. Die wedstryd het op 1 November 2009, 0:00, (Suid-Afrikaanse tyd) aanvang geneem en eindig op 1 Januarie 2010 om 0:00.
2. Deelnemers kan alleen of in spanne van twee inskryf op die webwerf: www.af.wikipedia.org.
3. Deelnemers kan tot op 31 Desember 2009, 0:00, inskryf.
4. Deelnemers kan self die onderwerp van hul artikel kies. Die enigste voorvereiste is dat dit 'n nuwe artikel moet wees (dus 'n onderwerp wat nog nie deur die ensiklopedie gedek word nie) of 'n bestaande artikel wat uiters kort is wat dan uitgebrei word ('n lys van hierdie artikels is ook beskikbaar op die webwerf).
5. Die prysgeld is
   a. 1ste prys: R500
   b. 2de prys: R300
   c. 3de prys: R200

Let wel: prysgeld word nie per persoon uitgedeel nie, m.a.w. 'n span van twee persone sal nie elk R500 kry indien hul artikel wen nie.

Om in te skryf (of vir meer inligting oor die wedstryd), gaan na *af.wikipedia.org*. Enige vrae rakende die wedstryd kan ook daar gestel word.

*Vir volledige inligting en wedstrydreëls besoek **af.wikipedia.org/wiki/Wikipedia:Skryfwedstryd***